

Woensdag 30 November

Skrifgedeelte: Openbaring 12:1-17

Fokusgedeelte: Openbaring 12:7-9

God gee telkens uitkoms

Oorlog in die hemel? Dit klink ondenkbaar. Tog het dit werklik gebeur. Hierdie oorlog is belangrik om ons huidige stryd teen die duiwel te verstaan.

Openbaring 12 beskryf in enkele kerngedagtes die koms van ons Here Jesus na die aarde. En die poging van die duiwel om te keer dat ons Here sy verlossingswerk kan doen (Op. 12:1-4). Die hoofstuk beskryf nie Jesus se lewe op aarde nie, maar vertel hoe Hy na God en sy troon weggeruk is (Op. 12:5), 'n verwysing na sy hemelvaart.

Ons Here het die duiwel in die beslissende veldslag op Golgota oorwin, maar daarmee was die stryd nog nie finaal afgehandel nie. Met die hemelvaart en troonsbestyging van die Koning van alle konings het daar in die hemel oorlog ontstaan tussen God se engele en die duiwel se engele. Die duiwel se magte is verslaan en uit die hemel gegooi. Die duiwel het vroeër toegang tot die hemel gehad – dink maar aan God se gesprek met die duiwel, oor Job. Nou het die duiwel sy toegang verbeur. Hy kan ons nie meer aankla nie.

Die duiwel en sy engele is op die aarde gegooi. Nou loop hy hier rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind (1 Pet. 5:8). Elke dag kom ons in die spervuur van die duiwel se onverwylde aandag. Tog is ons nie sonder hoop nie, want ons ondervind dat God telkens uitkoms gee (vgl. Op. 12:13-15). Ons weet die Koning van alle konings kom weer aarde toe, om die duiwel en sy magte, ook van hierdie deel van sy ryk, na die poel van vuur en swael te verban (Op. 20:10).

Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2

Dr. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)